

**NUUS**

Matie-student  
in Kayamandi  
vermoor

**2**

**CURRENT AFFAIRS**

Residence  
evacuations cause  
disruption

**5**



**KOSBYLAAG**

Eenvoudige  
resepte binne

**9**

**DAG EN NAG**

Lentelawaai kom  
langsaam op  
dreef

**14**

**KWYTRAAK**

Jonathan Jansen  
leef vir sy  
studente



**HANG TEN** The Centre for Student Affairs hosted a training weekend for newly elected student leaders at Stellenbosch University (SU) from 10 to 12 September. This is the only annual event where all student leaders are gathered to meet university management. Prof Russel Botman, SU rector and vice-chancellor, addressed the leaders on the Sunday. Here, student leaders take part in some fun team-building activities sponsored by Red Bull.

Photo: JOHANN SWART

Studente in sewentien US-studentehuse geplaas, tien nuwe huise gestig

## Keuring vir Luister-Leef-en-Leer omstrede

ANIKA MARAIS

Vrae oor die keuring van studente vir die Luister-Leef-en-Leerhuse het aan die lug gekom nadat studente oor die afgelope twee weke in kennis gestel is oor of hulle vir hierdie studentehuisvesting gekeur is of nie.

170 studente het vanjaar aansoek gedoen om in 2011 in 17 Luister-Leef-

en-Leerhuse te woon.

Mnr Pieter Kloppers, direkteur: Sentrum vir Studente-gemeenskappe, verduidelik dat nie nêr die top kandidate gekeur word nie. "Ons doel is om op grond van ras, studierigting en geslag 'n diverse groep mense in die huise te plaas."

'n Anonieme student, wat vir een van die huise gekeur is, meen egter: "Ek wil nie gekeur word op grond van my kleur nie, maar eerder op grond

van meriete".

Kloppers voeg by dat die helfte van 'n huis op grond van studente se CV's gevul word. "Daarna word sommige studente vir onderhoude genooi."

Kloppers erken dat hulle invloedryke studenteiers in die huise geplaas het om die program aantreklik te maak. "Ons moet die program eers sexy kry."

Hy voeg ook by dat hulle ervare studenteiers in sekere huise geplaas

het om moontlike probleme in die huise te fasiliteer.

'n Voldoende HEMIS-telling, wat benodig word om koshuisverblyf te behou, is nie noodwendig 'n vereiste om in dié huise geplaas te word nie. "90% van alle studente wat in die huise geplaas is, het in elk geval HEMIS. Ons neem egter ook betrokkenheid op kampus in ag," sê Kloppers.

Me Cheryl Cornelissen, projektekoördineerder: Luister-Leef-en-Leerhuse,

meen hulle het meer aansoeke ontvang as wat hulle verwag het. Aanvanklik het Studentegemeenskappe gepoog om aansoekers teen 8 September van hul keuring in kennis te stel, maar hierdie doelwit is nie gehaal nie.

Kloppers meen hierdie uitkoms het verwarring geskep omdat studente nie gelyktydig van hul keuring gehoor het nie. Cornelissen sê dat die nodige gedoen sal word om in die toekoms probleme uit te stryk.

**Stellenbosch Institute of Photography & Multimedia**

- Voltydse kursus of deeltids-oggende**
  - Fotografie
  - Grafiese ontwerp
  - Video-produksie of TV-aanbieding
  - Grimering vir TV & fotografie
- Aandkursusse**
  - Digitale Fotografie
  - Advanced Photoshop
  - Videoredigering
- Afstandonderrigkursusse**
  - Fotografie
  - Modelwerk
- Fleksiekursus**
  - Kombineer al die bogemelde
  - Maksimum-ervaring
- Een-tot-een-kursus**
  - Fotografie in een week vs. 6 maande
  - 1 tot 5 studente
  - Ons reis na enige stad
- Vakansiekursus vir skollere**
  - Fotografie/video
  - Toer na sekkelies of tailand met charl best
  - 14-16 Desember en doen landskap, makro of onderwater fotografie
- Werkwinkels**
  - Huweliks-fotografie
  - Landskapfotografie
  - Studiobeligting
  - Makrofotografie
  - Glans en Mode
  - Onderwaterfotografie

photographic models wanted

**SIPS** 15de jaar

Drostdysentrum, Birdstraat, Stellenbosch. Tel. 021 887 4485 Sel 082 440 9199  
E-pos: bestsips@iafrica.com http://www.sips.co.za of facebook/charl best

Take your Romantic Destiny  
into your own hands!

www.Love2Love.co.za





**PICK ME, PICK ME!** The Brightest Young Minds organisation recently held their annual summit in Stellenbosch. The 2010 summit took place from 7 to 11 September and drew delegates from all over the country. Delegates had the privilege of attending various skills building sessions on personal and professional development. Speakers from the National Treasury, Stellenbosch University and Procter & Gamble, among others, addressed the delegates at the Stellenbosch Institute for Advance Study (STIAS). Delegates were selected for the cost-free summit based on their leadership skills, academic achievement, community interaction and entrepreneurship. Here delegates are learning a dance.

Photo: NIELEN BOTTOMLEY

Vrae rondom moord in Kayamandi nog onbeantwoord

## Matie-moord 'n raaisel

ANIKA MARAIS

Daniel Booyen, 'n Matie-student, is op 16 September in Kayamandi vermoor. Daar word vermoed dat hy sy vriendin teen verkrachting probeer beskerm het en in die proses doodgesteek is.

Die Burger (17/09/10) het berig dat Booyen en sy vriendin (Kim) omstreeks 03:00 deur onbekende mans voor Corridor, 'n kultuur-entourismesentrum in Kayamandi, aangeval is. Kim is ná die voorval in die hospitaal opgeneem en ontvang tans berading.

Daar word verneem dat 'n ooggetuie die misdadigers afgeskrik het, waarna die ooggetuie die gewonde Booyen op sy rug sien lê het. Booyen is op die toneel dood. Gerugte dat Booyen sy vriendin teen verkrachting wou beskerm kon nog nie bevestig word nie. Daar is ook nog geen klarigheid oor waarom dié twee studente in Kayamandi was nie.

Kaptein René Matthee van die Stellenbosse SAPD het Maandag bevestig dat die ondersoek na die moord steeds aan die gang is en dat

geen inhegtenisnames al gemaak is nie.

Booyen was 'n vierdejaar BSc Bewaringsekologie-student en het die universiteit as roeier in die eerste roeispan verteenwoordig.

'n Klasmaat en goeie vriend van Booyen, James Hutton-Squire, meen

**Daar word verneem dat 'n ooggetuie die misdadigers afgeskrik het**

hy het geen idee waarom Booyen in Kayamandi was nie. "Ons het die aand saam 'n afsluitingsfunksie vir die Maties-roeispan bygewoon. Daarna het ons die res van die aand in Terrace saam gekuier. Om 02:00, toe Terrace toemaak, het ek vir Daniel gegroet en is ek huis toe," vertel Hutton-Squire. Hy het omstreeks 03:30 'n oproep met die slegte nuus van een van Kim se vriendinne ontvang.

Gerugte doen die rondte dat Daniel dié aand ook AmaZink besoek het en daarom in Kayamandi was. Hutton-

Squire twyfel of Booyen om 02:00 AmaZink toe sou gaan. "Dit is nie soos ek Daniel ken nie." Hutton-Squire ontken ook dat die moord aan dwelms gekoppel kan word. "Daniël het nie dwelms misbruik nie." Hy bevestig dat hy nie verbaas is dat Daniel moontlik ingetree het om Kim teen verkrachters te beskerm nie. "Hy was die tipe mens wat ander bo homself geplaas het. Ons glo vas hy het Kim beskerm."

Booyen se ouers woon in Australië en het Sondagand 19 September in Suid-Afrika geland. Hulle sou Maandag met die speurder by die SAPD vergader het.

Hutton-Squire beskryf Booyen as een van die vriendelikste mense wat hy nog ooit teëgekome het. "Hy was aan die top van sy klas. Hy het baie potensiaal getoon en was op pad om groot dinge te doen."

Dr Llewellyn MacMaster, studentedekaan, het namens die US sy medelye met die oorledene se gesin, vriende en familie uitgespreek.

"As universiteitsgemeenskap is ons met afgryse vervul oor s'n sinnelose daad en kan ons maar net hoop dat die misdadigers vinnig aan die pen sal ry."

## NEWSINBRIEF | NUUSINKORT

### Helshoogte gooi eiers

STUDENTE van Helshoogtemanskoshuis het glo stakers op Stellenbosch onlangs met eiers gegooi. Nuis24 het op 8 September berig dat studente van dié koshuis ook gepoog het om met 'n kar tussen die stakers in te ry. Die staking het voor die Stellenbosch-hospitaal plaasgevind.

Me Suraya Jawoodeen, woordvoerder: Nasionale Onderwys, Gesondheid en Geallieerde

Werkersunie, het aan Nuis24 gesê hierdie gedrag dui op 'n ongetransformeerde studenteligaam. Sy het dit ook as disrespekvol bestempel.

Schalk Burger, primus Helshoogte, het gesê hy het in die koerant gelees van dié aantygings, maar glo nie dit is deur Helshoogte-studente gedoen nie. "Ons sal nie sulke gedrag duld nie."

- Nuisredaksie

### Maties Dance rewarded

MATIES Dance was recently crowned the champions at the South African National Ballroom and Latin American Social Dance Championship. The championship took place in Grahamstown on 28 and 29 August. Due to a lot of tests happening the following week, only seven couples from Stellenbosch University (SU) could compete in the championship.

"We did not expect to win, because not all our experienced dancers took part," Liane le Roux,

former vice-chair: Maties Dance, mentioned.

"We are very proud of our dancers and encourage all Maties to join our society," Le Roux added.

Maties Dance also took part in this championship last year, which was hosted at the University of Cape Town (UCT). They then received the third prize.

Maties Dance offers dance classes twice a week in the Neelsie. Beginners are also welcome.

- News Desk

### New dean appointed

PROFESSOR Jimmy Volmink has been appointed the new dean of the Faculty of Health Sciences (FHS) at Stellenbosch University (SU).

Volmink is an internationally acclaimed researcher. He completed his undergraduate studies at the University of Cape Town (UCT) and has been a student at Oxford and Harvard universities.

Volmink will be replacing the current dean, Professor Wynand van der Merwe, but will only officially take over on 1 January 2011.

Volmink comments that he feels lucky to inherit a strong, well-functioning faculty.

He hopes to focus on creating an inclusive environment for this faculty's diverse community of students and staff.

He was appointed at FHS in 2006 and has been impressed by the commitment of the staff and the caliber of the students. "There is no question that I am now a proud adopted member of the Matie community," Volmink concluded.

- Nuisredaksie

### SR oorhandig beurse

DIE Studenteraad (SR) het op 1 September vyf beurse aan behoeftige studente oorhandig. Die beurse beloop R5 000 elk.

140 studente het aansoek gedoen, waarvan vyf op grond van hul finansiële behoeftigheid en akademiese meriete gekies is.

Gerhard Wiese, voormalige SR-voorsitter, meen: "Ons soek studente wat die beurse verdien, wat dit benodig en wat 'n bydrae tot ons universiteit maak".

Henrie Koekemoer, Aneke Allers, Wayne Coetzee, Pumsa Mjuleka en Lethoganol Gordon Mokgoroane het die vyf beurse in ontvangs geneem.

Volgens Wiese het die SR fondse vir hierdie beurse ingesamel deur die verhuur van sluitkassies in die Neelsie.

"Ons het ook 'n gedeelte van ons begroting hieraan afgestaan," voeg hy by.

- Nuisredaksie

### SU hosts SAAPS

STELLENBOSCH University (SU) hosted the bi-annual conference of the South African Association of Political Studies (SAAPS) from 1 to 4 September 2010.

The conference focused on democracy in the first decade of the 21st century.

The conference was opened by professor Dirk Berg-Schlosser from Philipps University in Marburg, Germany.

The conference included 22 panel discussions that were facilitated by various SU lecturers.

These panel discussions focused

on various different themes, such as conflict and security in Africa, the quality of democracy, xenophobia and gender-based violence, South Africa's international relations and comparative democratic institutions.

Roundtable discussions also took place, which focused on social movements and new political instruments.

Professor Amanda Gouws, vice-president: SAAPS, said, "There has been a clarion call for the 21st century to be Africa's century".

- Mia Smit

### Gratis griepinspuitings

KAMPUS-Gesondheidsdienste (KGD) het onlangs gratis griepinspuitings van die Departement van Gesondheid ontvang. Studente aan die Universiteit Stellenbosch (US) word aangemoedig om griepinspuitings by KGD te kry.

Me Lesley Moolow, suster:

KGD, sê studente is geneig om in die oorgang van die seisoene siek te raak. "Studente reis ook gereeld en daarom doen hulle dit makliker op."

Moolow waarsku egter dat studente wat reeds griep het nie die griepinspuiting kan ontvang nie.

- Nuisredaksie

**STELLENBOSCH AUTO CLINIC**

MECHANICAL ⚡ ELECTRICAL ❄️ AIRCON 📞 ALARM

#### ONS ONDERNEEM:

- Diens en herstelwerk van alle voertuie (petrol en diesel)
- Auto elektroniese werk
- Auto elektriese werk
- Installeer en herstel van alarms
- Lugversorging
- Radios

Kontak Nic

Tel: 021 883 3661 / E-pos: sac@telkomsa.net



# UCT student dies in crash

**NEWS DESK**

BJÖRN Czepan was killed on impact in a car accident on 2 September in Woodstock, Cape Town.

The other two passengers, Brian Kline, an American exchange student, and Mark Dean Brown, are in a stable condition.

Czepan and Brown are both students of the University of Cape Town (UCT). They recently made headlines after being photographed kissing in *die Laan* this year (*Die Matie*, 11/08/10).

Czepan is an exchange student from Germany and has been studying at UCT since June 2009. He died only three days before his planned return to Europe.

Czepan's memorial service was held on 17 September in the law faculty at UCT.

Ms Patricia Lucas, media liaison officer: UCT, commented that UCT students and staff were shocked by the death of Czepan.

"Czepan's fellow students in the Law Faculty turned out in force at a memorial service they helped organise on campus. The university has extended its heartfelt condolences to his parents in Germany. Czepan was a popular student and is sorely missed by his colleagues."

She adds that the university

expresses its support to the other two students who have been hospitalised.

Dylan van Vuuren, friend of Czepan and chair of RainbowUCT, describes Czepan as a passionate person who was very involved on campus. RainbowUCT is the equivalent of the Lesbians and Gays Support Group at Stellenbosch University (SU).

"He was well-known and attended our events regularly," Van Vuuren said. Czepan has also been described as an activist for gay rights. "He did not only talk about the issues; he was active and made a difference," Van Vuuren added.



Photo: SUPPLIED



**GROOVY, BABY** Stellenbosch University (SU) hosted the National Ser competition on 3 September. Veritas (University of Free State) and Vergeef-My-Nie (University of North-West) walked away as the male and female winners. The shows were streamed to the MyMaties webpage, where fans from around the world could watch. Here Lebone (University of Johannesburg) entertain the crowd.

Photo: VANESSA SMEETS

## Studentegelde moontlik met 12 en 15% verhoog

**NUUSREDAKSIE**

DIE UNIVERSITEIT Stellenbosch (US)-bestuur beplan om klas- en losiesgelde met onderskeidelik 12% en 15% te verhoog.

'n E-pos van die Studenteraad (SR) het alle studente op 15 September hiervan ingelig.

Roné McFarlane, SR-lid: Studentegelde, het 'n vergadering gereël wat gister om 13:00 sou plaasvind, waar die bestuur inligting oor die styging sou verduidelik. Daarna sou die vloer oop wees vir vrae.

McFarlane sê die rede vir die verhoging van pryse is dat die US se

uitgawes volgende jaar aansienlik gaan toeneem as gevolg van inflasie, volhoubare instandhouding en die oprig van die Cluster-hubs. "Die vraag is egter of die verhoging regverdig is en of hierdie verhoogde uitgawes van studente verhaal moet word."

Mnr Mohamed Shaikh, senior direkteur: Kommunikasie en Skakeling, sê: "Die bestuur [...] verwelkom verdere gespreksgeleenthede met studente oor klas- en akkommodasiegelde. Uit al hierdie insette word die hoofbegroting en huisvestingsbegroting saamgestel wat in November vir finale goedkeuring en aanvaarding aan die universiteitsraad voorgelê word."

## Slegs 35 fietse vanjaar by USBD geregistreer

# Fietsdiefstalle neem toe

**ANIKA MARAIS**

Daar word gemiddeld per maand twintig fietse op kampus gesteel.

Hierdie syfer sluit egter net gevalle in wat by die Universiteit Stellenbosch Beskermingsdienste (USB) aangemeld word.

Me Priscilla Booyen, kommunikasiebeampte: USB, meen dit is kommerwekkend dat slegs 35 fietse vanjaar by die USBD geregistreer is.

"Die registrasie van fietse is noodsaaklik en dien as 'n middel om die eienaarskap van fietse vas te stel. Indien 'n fiets verlate op kampus gevind word of in die besit van 'n verdagte gekry word, kan die eienaar onmiddellik opgespoor word," verduidelik Booyen.

Booyen voeg by dat baie fietse ook deur die plaaslike polisie gekonfiskeer word.

"As fietse by die USBD geregistreer is, kan die Suid-Afrikaanse Polisie diens (SAPD) die fietse aan ons oorhandig waarna 'n kriminele saak geopen kan word. Gemerke fietse kan dan ook by tweedehandse winkels uitgeken word wat dalk 'n gesteelde fiets aangekoop het."

Erik Mudge, SR-lid: Veiligheid, is tevrede met die USBD se pogings om oortreders op kampus op te spoor.

"Na my mening doen die USBD baie met die hulpbronne wat hulle tot hul beskikking het," noem Mudge.

Ongeveer 21 verdagtes word per maand op kampus vir verskeie kriminele oortredings gearresteer.

Booyen moedig studente aan om

as afskrikmiddel eerder van u-slotte as kettingslotte gebruik te maak.

"Kettingslotte word maklik met 'n baksteen of klip afgeslaan," voeg Booyen by.

Adél Dorfling, Heemstede-eerstejaar, se fiets is in April vanjaar gesteel.

Sy het die geval by die USBD gaan aanmeld.

Die misdadiger is egter nog nie vasgetrek nie. Haar fiets is ook nie opgespoor nie.

"My fiets was met 'n kettingslot binne die fietshok in Heemstede toegesluit," verduidelik Dorfling.

Dorfling se fiets was egter nie by die USBD geregistreer nie.

Indien verdagtes naby fietshokke of fietsrakke gesien word, kontak die USBD onmiddellik by 021 808 2330.

**TOKARA RESTAURANT**

Kelners en gasvroue benodig by die opgeknapte restaurant onder leiding van 'n nuwe bestuurspan. Maak goeie geld deelyds of oor die somervakansie.

Waiters and hostesses required part time or over the summer holidays.

Send your CV to [tokararestaurant@gmail.com](mailto:tokararestaurant@gmail.com)

**Bergzicht Plaza Laundry**

Drop & Collect 5 Days a Week

Reliable Lucille, will be at to your service

**Bergzicht Plaza Wassery**

Voorafbetaalde wasgerief beskikbaar

Betroubare Lucille, sal tot u diens wees

Vir navraag, skakel: Ronel 082 258 0568

**Foto Studio Lockley**

SINCE 1873

SOEK U 'N FOTOGRAAF? KYK DAN NIE VERDER NIE

- Koshuisfoto's
- Ook digitale foto's en op CD gebrand
- Grade Foto's
- Portrette
- Paspoot en & ID foto's terwyl u wag.

Pleinstraat 21, Stellenbosch  
Tel. 021 883 3131 - Faks 021 886 6378  
Skulns oorkant Hoofposkantoor en Langs Europa Koffieshop.

**COR LANGENBERG**

**NEW KID**

**LAMBERT FICK GENOTE**

OOCKUNDIGES OPTOMETRISTS

Pleinstraat 20 Stellenbosch 7600  
Tel 021 887 4603 Faks 021 887 1493  
Epos [Rekeye@lufica.com](mailto:Rekeye@lufica.com)



Kommer heers oor versteuring van ekosisteme as gevolg van pluk van beskermde blomsoorte

# Stellenbosch-varklelieverkope onwettig



**TE KOOP** Die onwettige verkope van varklelies het onlangs in die Stellenbosch-area toegeneem. Die varkleliepadda gebruik gereeld die varklelie as rusplek. Die pluk van varklelies versteur dus hierdie paddas habitat. Hier verkoop smouse varsgeplukke varklelies langs die pad. Volgens die Padverkeerswet is dit onwettig.

Foto's: JOHANN SWART EN HELEN LOCKHART

ZANIE MAREE

**M**ET die draai van die seisoen het die onwettige verkope van varklelies (*Zantedeschia aethiopica*) in die Stellenbosch-omgewing drasties toegeneem.

'n Pamflet van die Stad van Kaapstad, wat die onwettige verkope van varklelies bespreek, is onlangs versprei. Volgens Natuurbelewingswet 19 van 1974 moet blomverkope op aanvraag 'n bewys van die oorsprong

van die blomme kan lewer.

Mnr Clifford Dorse, biodiversiteitskoördineerder: Biodiversiteit-Bestuurstak van die Stad Kaapstad, sê dat blomme nie binne 90 meter vanaf 'n publieke pad gepluk mag word nie en dat verkope van beskermde blomsoorte 'n verkoperspermit moet besit.

Alhoewel varklelies onbeskerm is, word die verkoop van blomme by verkeer kruisings volgens die Padverkeerswet verbied.

Die oorspronklike pamflet lui dat daar 'n varkleliepadda (*Hyperolius*

*horstocki*) in die varklelies leef en uitbroei. Die pluk van die lelies verwoes dus die padda se habitat.

'n Opvolgverklaring deur die Stad van Kaapstad sê egter dit is foutief. Volgens die stad se Departement van Omgewingshulpbronne en die Suid-Afrikaanse Nasionale Biodiversiteitsinstituut broei geen paddaspesies in die blomme van varklelies uit nie.

"Die varkleliepadda gebruik egter die blom vir beskerming, alhoewel hulle nie van die lelie afhanklik is om

te oorleef nie," sê Dorse

Die verklaring noem dat varkleliepaddas slegs in die Wes-Kaap en beperkte dele van die Oos-Kaap voorkom. Hoewel die paddas nie as bedreig geklassifiseer word nie, het sy getalle oor die afgelope paar jaar drasties afgeneem. Een rede hiervoor is die vernietiging van sy habitat.

"Dit is moontlik dat die paddas sonder die lelies kan oorleef, maar ons moet alle komponente van ons ekosisteem behou. Indien nie, kan dit tot die uitsterwing van spesies lei," voeg

Dorse by.

Dorse raai studente daarvan af om die varklelies by onwettige verkope te koop. Deur die onwettige handel van hierdie blomsoort te ondersteun kan die situasie vinnig vererger met die gevolg dat dié blomsoort bedreig word.

Die onwettige pluk en verkope op Stellenbosch is dus kommerwekkend.

Die Stad Kaapstad moedig studente aan om die onwettige handel van beskermde blomsoorte aan te meld deur 021 596 1400 te skakel.

## YOUR CERTIFICATE FOR LIFE

The **NEW** brass or stainless steel plaque is a replica of your original paper certificate, and can be displayed proudly and will not deteriorate over time.

### Two options are available:

- 1). Etched Plaque Certificate (Full colour):  
Brass or Stainless Steel  
R850-00
- 2). Engraved Plaque Certificate (Black only):  
Silver or Gold Romark  
R660-00

### Take advantage of our great payment plan:

R200-00 deposit and balance over 3 months

This new patented design allows you to store your original paper certificate safely, while still allowing you to display your qualifications proudly on your wall.

**WE WILL BE AT YOUR GRADUATION TO PROCESS YOUR ORDER AND SCAN YOUR CERTIFICATE!**


NEW IN SOUTH AFRICA  
Patented Design  
PBI/012377



www.badges.co.za

### CONTACT DETAILS:

Tel: (031) 569 1129 Fax: (031) 569 1559  
E-mail: orders@badges.co.za



**PRETTIGE PARK(ERING)** EcoMatis het op Vrydag 17 September in samewerking met 'n Grafiese Kuns-student twee parkeerareas buite die Neelsie in 'n openbare park omskep. Dit het deel gevorm van die jaarlikse *International Park(ing) Day*, wat klem wil plaas op die vermorsing van spasie in stedelike areas in die vorm van parkeerareas, asook op die vraag na alternatiewe vervoermiddels.

Foto: JANDRÉ ROBBERTZE

## Talk highlights the reality of HIV

LISA LOTTER

A SEMINAR hosted on 14 September by the Office for Institutional HIV Coordination (OIHC) of Stellenbosch University (SU) showed the occurrence of people living with HIV/Aids.

Thembeke, a mother from Kayamandi who was diagnosed with HIV in 2000, told her life story.

Thembeke did not receive any support from her family when she was first diagnosed with HIV/Aids.

With the help of anti-retroviral treatment, she is currently living a normal life with her husband and two sons.

Thembeke is also a support group leader at the Legacy Clinic in Kayamandi, where she shares some of her experiences with others struggling with HIV/Aids.

Stephanie Alexander, SU student,

said that Thembeke was "inspiring".

Josephat Rweyemamu, SU student, felt that it was wonderful to see someone who was so open about her whole experience with HIV/Aids.

Cara Meintjies, former SRC member: Community Interaction, agrees. She commended the OIHC for the programmes they are running, as she knows that there are other universities struggling to set up the same structure.

There was a general feeling that Thembeke's story can inspire other students to disclose their status.

Mr Jaco Brink, coordinator: HIV prevention programmes of the OIHC, feels that, "HIV is a disease that is seldom associated with openness. Yet listening to people living with HIV gives insight into the courage and strength required when confronting HIV infection".

He also feels that disclosure of their

HIV/Aids status is still difficult for students who do not know their status, as they do not feel that a "safe enabling environment and support" is provided on campus.

Stigma is, furthermore, still a major challenge at SU and Brink says that "most students think they may be rejected if people find out that they are living with HIV/Aids".

Sessions such as these encourage openness, which in turn can make students on campus feel more comfortable about disclosing their status.

The OIHC is working towards the vision that there should be no new HIV infections on campus in 2012.

This strategy includes initiatives such as an annual testing campaign, condom distribution and a peer education programme. The OIHC also organises various courses and community outreach projects.



Students upset about short notice and safety issues

# Residence evacuations a cause for concern

SARAH OTTO

THE previous academic recess has shed light on many issues surrounding the process of residence evacuations at Stellenbosch University (SU).

Hein Swanepoel, director: Commercial Services said, "All residences get a turn to evacuate. Normally, criteria include the number of beds needed and when the residence was last evacuated".

Concern over how evacuations disrupt students in their preparation for semester tests has been raised.

Preparing for semester tests in open residences has been deemed futile by many students due to the noise level.

Students who do not live close to the university find the storage of their belongings difficult. They also have problems with the transportation of their belongings.

Some residences were only informed three days before the start of the recess that they would have to evacuate.

Werner de Wit, vice chair: Prim Committee, said, "It is completely unacceptable to give students such short notice". He adds that if students knew a week in advance, they could have made other arrangements.

The issue of safety related to evacuations is also a concern.

Various incidences of break-ins in residences during the September recess have been reported.

"At the time of evacuation, we do run a higher risk as most doors need to be open to accommodate the movement of people and luggage," Swanepoel commented.

Further complaints include the fact that security guards have not been trained adequately, as they do not

## Some residences were only informed three days before the start of the recess that they would have to evacuate

confirm that those they let into the open residences are allowed to enter.

Mr Pieter Kloppers, director: Centre for Student Communities, said it is necessary "to solve the problems of safety and security with the cooperation of all students".

The student leadership has expressed great concern over the issue of residence evacuations. De Wit comments that "this is something that we are keeping on the top of our list of topics to address for the 2010/2011 term".

Some students have said that if they are expected to evacuate during

academic recesses, some changes should occur.

These changes include residences' receiving adequate notification of evacuations.

Students who write tests on the Friday night (or the last night of the academic term) should be given an extra day to evacuate.

It has also been proposed that there should be standards implemented where the competence of security guards is clarified in order to boost security.

It is also felt that Commercial Services, who manage the residences during these recesses, should implement strategies that would ensure the safety of belongings stored in the residences.

An anonymous student, who was forced to evacuate from her residence during the recess, was extremely upset.

"We were only informed three days before the end of the term that we would have to evacuate.

"I still had to write a test on the Friday evening. This forced me to focus more on the fact that I had to evacuate, rather than on studying for my important test."

The student also mentions that she does not understand why the university forces students to evacuate during the September and April recesses, as this disrupts academic progress.



**THIS IS HOW WE DO IT** The Engineering Students' Council (ESC) hosted their annual Trapkarre competition on 18 September. A course was laid out on campus across The Neelsie Student Centre's parking lot and Victoria Street. Teams comprising residences, campus societies, faculties, departments and private entries took part in the afternoon's events. The main race was a three-hour relay between five members of each team. Pictured here is Wynand Theron, who was part of the Industrial Engineering team. Photo: JANDRÉ ROBBERTZE

# Studentekarte veroorsaak probleme

ELNARI POTGIETER

VELE klagtes oor die Universiteit Stellenbosch (US) se studentekartstelsel en probleme wat daarmee gepaardgaan, is onlangs deur *Die Matie* ontvang.

Hierdie klagtes sluit in die feit dat magneetstrokke vinnig verweer en dat foto's ná 'n tyd onherkenbaar voorkom.

Probleme word ook ervaar met kaarte wat studente nie toegang tot geboue gee nie.

Die vervanging van 'n studentekart kos R75.

Mnr Hendrik le Roux, bestuurder: Kaartstelsels (IT-TAS), en mnr Sean Davids, administratiewe beampte: Studentegelde, sê hulle is bewus van die vele probleme wat onlangs met die kaarte se magneetstrokke ervaar is.

Die skuld berus glo egter by die verskaffers van die kaarte. Die US ontvang sowat 20 tot 100 kaarte om eers te toets voordat hulle van 'n

sekere verskaffer gebruik maak.

Soms lewer die verskaffer dan later kaarte van 'n swakker kwaliteit.

Sowat 32 000 kaarte word tans deur personeel, studente en besoekers gebruik.

Le Roux en Davids meen probleme met studentekarte word nie altyd dadelik geïdentifiseer nie.

Volgens Le Roux gaan daar voortaan van 'n ander verskaffer gebruik gemaak word.

Die huidige kaarte is nabyheidskaarte of *proximity*-kaarte waarop magneetstrokke aangebring is.

Teen die einde van 2011 sal al hierdie kaarte uitgefaseer word en met mikroskyfkaarte vervang word.

Wat die toegang tot geboue betref, word daar daaglik fouttoets gedoen om sodanige probleme te verhoed, alhoewel sulke voorvalle steeds kan plaasvind.

Die oorgang na mikroskyfkaarte gaan hopelik hierdie voorvalle verminder.

Die US poog ook om die verweer

van die kaarte se aangesigte te beperk deur die kaart te vernis en met 'n beskermende bo-laag te lamineer. Verder word die aanskaffing van verbeterde masjinerie, om hierdie prosesse moontlik te maak, ondersoek.

Davids sê die vervaardiging van 'n studentekart beloop R75, dieselfde prys wat studente moet betaal om hul kaarte te vervang.

Studente kan blykbaar daarop aandring dat kaarte gratis vervang word indien die kaart verweer.

Le Roux sê studente verag dat as hulle verlore kaarte weer opspoor, die kaarte outomaties weer sal werk. Die kaarte moet egter weer geheraktiveer word.

"Die kaart sal nie werk voordat die kaart weer by Admin A herprogrammeer word nie."

Le Roux doen 'n beroep op studente om hul kaarte op te pas. Verder stel hy voor dat studente hul kaarte in kaartplaatjies bêre en weghou van chemiese stowwe ten einde die kaarte se lewensduur te verleng.

# CHRIS LE ROUX MOTORS

**GIVE YOUR CAR THE STAR SERVICE IT DESERVES!!**

Probleme met u motor kar? .  
Geen probleem vir ons om dit te herstel teen baie billike prys. Ons doen alle meganiese werk op alle tipe motors. Geen fout te klein of te groot vir ons nie.  
Ons spesialiseer ook in BMW motors.

Problems with your motor vehicle? No problem for us to fix it at a very reasonable price. We do all mechanical work on any type of motor vehicle. No fault too big or too small for us.  
We also specialize in BMW motor vehicles.

FREE QUOTATIONS!!

- Services guaranteed
- Affordable and reliable
- Over 20 Years of Professional experience
- Qualified workmen
- RMI registered business

CONTACT DETAILS

Tel: 021 883 372

Fax: 021 887 911

Cell: 072 530 681

chris@chrislerouxmotors.co.za

**234 BIRDSTRAAT STELLENBOSCH**

**REMEMBER!!** If you do not speak to one of us, Thomas, Chris, Sibba or Chrismarl, then you are not speaking to CHRIS LE ROUX MOTORS



# INTERCAMPUS | INTERCAMPUS

Zanie Maree

## UCT wins challenge

TEAM Alpha Phi Kappa (APK) from the University of Cape Town (UCT) won the FNB University Business Challenge.

Twelve universities took part in this six week competition.

The finals took place in Cape Town on 23 August with eight teams competing for the winning title.

Even though UCT managed to keep their title, the team from the University of Witwatersrand got a close second position.

The competition aims to improve the employability of young students.

Fabrice Muhizi, APK team-member, said that it was extremely challenging, yet exciting.

## UP en UJ domineer in bootresies

MUTUAL & Federal se jaarlikse bootresies het op 11 September vir die dertigste keer plaasgevind.

Nege universiteite het spanne ingeskryf om op die Kowierivier by Port Alfred te gaan roei.

Die Universiteit van Pretoria (UP) het die eerste plek in die mansafdeling verower, terwyl die vroue van die Universiteit van Johannesburg (UJ) hul afdeling gewen het.

Die Universiteit van Kaapstad (UK) het in beide afdelings die tweede posisie gekry.

Caroline da Silva, uitvoerende bestuurder: Verkoop en Bemaking Mutual & Federal, het gesê dat ten spyte van slegte weerstoestande, die geleentheid vlot verloop het en almal hulself geniet het.

## Nzimande criticises system

HIGHER Education Minister dr Blade Nzimande criticised South African universities for their elitist notions at a training summit for tertiary education in Boksburg on 4 September.

He said that universities should get rid of their notions regarding the quality of students the school system delivers.

He also said that the school system is not delivering the quality student that the country needs, but that this is the only youth there is.

Nzimande emphasised how important South Africa's student population is and said that higher education's expectations and standards will have to be adjusted to suit the South African reality.



Gerugte van bevoordeling as onwaar bestempel

# Ser kry volpunte ten spyte van klank-klagtes

## Charlotte von Weilligh: Sonop-serleier

Die sukses van só 'n groot kompetisie word gemeet aan hoe die deelnemers dit beleef het en hoe die gehore gereageer het.

Ek kan sonder twyfel sê dat die SR en kultuurkomitees volpunte by albei afdelings kry!

Daar is verseker voldoende mikrofone gereël. As die klank swak was, was dit meestal omdat die sergroepe dit nie reg benut het nie.

Wat die ser aanbetref was dit ongelooflik om drie keer die aand te kon optree. 'n Mens word elke keer beter.

## Christiaan Kotze: Hippokrates ser leader

In my opinion, both events were superbly organised. It is something the university and the responsible organising committees can be proud of.

I felt that the quality of sound at the Bloemhof venue was great.

My only problem with ser is not with how it was organised this year, but rather with its judging and what judges expected from ser groups. The difficulty and originality of the music performed was not always appreciated.

## Hilde Burger: Vergeet-My-Nie-serleier (Noord-Wes-Universiteit)

Ek dink hierdie jaar se Nasionale Serkompetisie was verskriklik suksesvol en baie goed georganiseerd.

Dit was by verre die beste nasionale geleentheid wat ek al bygewoon het.

Die klankkwaliteit het ons nêrens gepla nie. Ek het geen

klagtes nie.

Ek dink dit is 'n goeie besluit om meer as een lokaal te hê waar opgetree word.

Dit gee aan die koshuise meer geleentheid om hul show te doen en sodoende onvergeetlike belewenisse te hê.

ZANIE MAREE

**K**LAGTES oor swak klankkwaliteit by die onlangse Kleinsersfinale, wat op 21 Augustus plaasgevind het, is onlangs in 'n brief aan *Die Matie* (25/08/10), geopper. Ontevredenheid heers oor die kwaliteit van die klankstelsel in die Kaapstadse Internasionale Konferensiesentrum (KIKS).

Antoni Schonken, US-student en gehoorlid, meen dat die KIKS-ouditorium nie gepas is vir kleinsergroepe nie. Organiseerders word dus verplig om van klankversterkers gebruik te maak.

"Ongelukkig was die klankversterking vanjaar nie van goeie gehalte nie," sê hy. Schonken meen dat die kwaliteit van die klankversterking ná 45 minute verbeter het, maar dat dit reeds die regverdigheid van die kompetisie beïnvloed het.

"Bogenoemde probleme kan maklik vermy word deur die hele kleinserkompetisie op Stellenbosch aan te bied," voeg hy by.

Die reëlingskomitee het uit Abraham Willems, Esther Geldenhuys, Imke Bezuidenhout en Jeanné Odendaal bestaan. Dié komitee het die Kleinsersfees asook die Nasionale Serkompetisie georganiseer.

Jeanné Odendaal, voormalige SR-lid: Kulturele Aktiwiteite, noem dat daar nie op Stellenbosch 'n groot genoeg lokaal is om 3 000 of meer toekouers te akkommodeer nie.

Daarom is daar besluit om die Nasionale Serkompetisie vanjaar

in drie verskillende lokale op Stellenbosch te hou.

"Ons wou soveel moontlik individue en serliefhebbers die kans gee om die vertonings te kon bywoon," meen Odendaal. Sy noem dat daar by die projekteurs van 2009 navraag gedoen is rakende klagtes oor die klankkwaliteit.

"Ek en my projekteurs is deur Gerhard Wiese, voormalige SR-voorsitter, en Imke Bezuidenhout, 2009-Serprojekteur, meegedeel dat niemand ontevrede was met die klank tydens 2009 se Kleinsersfinale nie. Daarom

**"Dit is egter onvermydelik dat daar individue sal wees wat oor een of ander aspek [...] ontevrede gaan wees"**

het ons spesifiek met KIKS gereël dat hulle die mikrofone presies soos die vorige jaar opstel," sê Odendaal.

Die komitee beweer dat daar uitdruklik met die klankingenieur gereël is dat geen klankverstellings aangebring mag word nie. Alhoewel sekere toekouers van mening is dat daar ná die pouse verstellings gemaak is, dien Hippokrates se oorwinning as 'n teenargument.

"Hippokrates, wat as wrenners gekroon is, het voor die beweerde verstelling aan die klank opgetree. Dit moet opsigself aandui dat die klank deurgaans deur die beoordelaars as bevredigend ervaar is," verduidelik Odendaal.

Sy noem dat die beoordelaars komplimentierend was oor die gehalte van die klank in vergelyking met vorige jare. Die komitee meen ook dat hulle positiewe terugvoer rakende die klankkwaliteit van die Nasionale Serkompetisie ontvang het en dat mense "aangenaam verras [is] deur die goeie klank van beide die Bloemhof en Paul Roos-sale".

Odendaal sê hulle het probeer om vorige jare se probleme, soos die vervalsing van kaartjies, te voorkom. "Dit is egter onvermydelik dat daar individue sal wees wat oor een of ander aspek van 'n reëlingskomitee ontevrede gaan wees."

Odendaal was verder ontevrede met toekouers wat laat by sergeleenthede opgedaag het.

"Toekouers wat laat kom en dan [daarop] aandring om ingelaat te word [veroorzaak] onrustigheid in die gehoor, ten koste van die sergroep op die verhoog."

Sy voel dat die Kleinsersfees asook die Nasionale Serkompetisie in geheel 'n reuse-sukses was en noem dat hulle tot dusver nog net positiewe terugvoer ontvang het.

Schonken is van mening dat die sergeleenthede nog baie kan verbeter. "Ek glo dat ser die laaste paar jaar in stasis verkeer het, terwyl dit eintlik elke jaar moet ontwikkel. Dit is immers iets wat studente moet geniet."

Volgens Odendaal was die hoofborse van die Nasionale Serkompetisie, naamlik die ATKV en Standard Bank, baie beïndruk met die geleentheid en sy het gesê dat dit na hul mening die beste Nasionale Serkompetisie tot op hede was.

## Siyayingoba Beat It!

EDUCATIONAL HIV PSA COMPETITION



SIYAYINGOBA BEAT IT! IS A YOUTH-ORIENTED HIV / AIDS TELEVISION SHOW LOOKING FOR INNOVATIVE FILM AND ANIMATED PUBLIC SERVICE ANNOUNCEMENTS TO DRIVE SIYAYINGOBA'S VIEWERS TOWARDS BEING INFORMED AND ALWAYS USING CONDOMS!

THE COMPETITION IS OPEN TO ALL NON-PROFESSIONAL ANIMATORS AND FILMMAKERS TO SUBMIT A 30-SECOND FILM OR ANIMATED PSA - ALL FORMS OF ANIMATION AND FILM ACCEPTED.

THE BEST PSAs WILL BE FEATURED ON THE SIYAYINGOBA BEAT IT! 2010 SEASON ON SABC 1.

PRIZE MONEY:

1ST PRIZE: R10,000

2ND PRIZE: R5,000

3RD PRIZE: R2,500

DEADLINE FOR ENTRIES: 15TH NOVEMBER 2010.

DEADLINE FOR FINAL PSA SUBMISSION: 15TH APRIL 2011

CONTACT: MEESHA ABOO

TEL: 021 788 9163

EMAIL: ANIMATE@BEATIT.CO.ZA

PLEASE VISIT WWW.BEATIT.CO.ZA TO DOWNLOAD AN ENTRY FORM AND MORE DETAILED INFO PACK



BY: VANESSA SMEETS & STEPHANIE CORREA

## WHAT DO YOU THINK?

WHAT IS YOUR OPINION ON THIS YEAR'S KLEINSERSFEES AND SER NATIONALS?



ADRIAN VAN WYK  
BA Humanities

"It seems that one set of contestants compete every year."



ERIC JACOBS  
BA Humanities

"I didn't go. I'm so sick of it. Plus, Dagbreek keeps losing."



MELISSA TIGHY  
BPhil Hons

"Ser needs to be reinvented. It was a bit too focused on drama this year."



ELMI NIEUWOUDT  
BComm

"It was great, but Lebone and Hippocrates should have won. Most of the groups were super and entertaining."



MEG FAUL  
BEd

"I couldn't get tickets even though there were three shows. Maybe they should have even more shows next year."



NICOLE CHRISTIANS  
BAcc Hons

"Lebone from UJ were amazing. They should have won - the judges were unfair this year. And the hamburgers were cold."

## POSTE BESKIKBAAR BY DIE MATIE 2010/2011

Nuusredakteur

Fotograawe

Spotprentkunstenaar

Teksredakteur

Verslaggewers

Vir meer inligting rakende bogenoemde poste, stuur gerus 'n e-pos aan [diematie@diematie.sun.ac.za](mailto:diematie@diematie.sun.ac.za)

DieMATTIE





## HOE VER NOG?

Reisrubriek



Foto: Elizmar Theron

## 'n Darling van 'n plekkie

ELIZMARI THERON

**M**in of meer 60km van Stellenbosch af op pad Weskus toe lê Darling, 'n klein plattelandse dorpie waar die weskus-blommetapyt elke lente begin.

Dié dorpie is 'n perfekte poskaartprentjie weggesteek tussen wingerde en groen vleilande.

En selfs al is jy nie 'n natuurliefhebber nie, sal daar wel iets in Darling wees wat in jou smaak val.

So laai 'n paar vriende in jou Volla, sit die David Kramer kliphard aan en vat die pad.

### Verblyf

Die dorp het verskeie gastehuise en een *backpackers*. Jy kan dié dorpie net vir die dag besoek of by Koekemakranka tuisgaan teen R120 per persoon per nag.

Ander gastehuise in die dorp is Strathnaver B&B (022 492 3810), Waylands gastehuis (022 492 2873) en The Granary (022 492 3155).

### Wyntoere

Die omgewing spog met verskeie wynplase wat heerlike lafenis kan

bied ná 'n dag van blommekyk. Cloof (waar *Rocking the Daisies* plaasvind), Groote Post, Ormonde en Tukululu is maar net 'n paar van die bekende wynplase rondom die dorp. Jy kan 'n kaart by die Darling-Museum kry om te sien presies waar die wynplase geleë is.

### Etos

Oral in die hoofstraat is luilekker koffiewinkels waar jy ontbyt kan eet om die dag reg te begin.

The Marmalade Cat is maar net een van die vele eetplekke wat die moeite werd is om by te eet.

Hier kan jy ook somer konfyt, soetgoed en allerhande interessante lekkernye en geskenkies raakloop.

Die Bistro, in die hoofstraat, is 'n heerlike restaurant waar jy óf binne óf buite in die sonnetjie kan ontspan met 'n redelike groot verskeidenheid op die spyskaart.

### Teater en ander attraksies

Evita se Perron is sinoniem met Darling. Pieter-Dirk Uys se kosteater en oudhede-winkel lok vele toeriste na dié dorp.

Hier kan jy vir ure rondsnuffel of kaartjies vir een van sy bekende Evita-opvoerings bespreek.

Net om die blok is Mantis Mall.

Dit is egter nie wat 'n mens verwag nie; dis 'n ou huis waar jy kan dwaal tussen kuns, kos en geskenke. Hier is ook 'n tweedehandse boekwinkeltjie waar jy raar en ou boeke kan kry.

### Natuur

Daar is 'n hele paar natuurreservate rondom Darling wat natuurliefhebbers kan besoek. Die reservate soos die Tienie Versveld-reservaat, Waylands, Oudepost, Groenkloof-reservaat, Renosterveld-reservaat en Rondeberg-reservaat is veral 'n prentjie in die Lentemaande wanneer dit blommetyd is.

In hierdie omgewing kan jy verwag om die kleurryke kelkewyn, pajamablomme, snotrosies en kalkoentjies tussen die lang gras te sien. Toegang is by die meeste reservate gratis. Onthou egter om 'n kaart by die Darling-Museum te kry.

Die meeste eetplekke en snuffelplekke maak vroegmiddag op 'n Sondag toe. Ry dus lekker vroeg om teurstelling te voorkom.

As jy terugry, ry 'n pad wat jy nie ken nie en verdwaal, sit die radio harder en sing saam. Daar is niks soos 'n lekker *roadtrip* om die laaste kwartaal meer draaglik te maak nie.

## Friday is braai day

ELONA NEL

IT IS time to dust off the braai and tongs and get the fire going – Friday is National Braai Day.

The seasons are finally changing and bringing our beloved rain-free and sunshine days. Being a student with carefree lazy days and breezy summer days is even more appealing.

And what better way to celebrate the summer than having a good old braai?

Friday 24 September marks the public holiday Heritage Day.

This day encourages all South Africans to celebrate our cultural heritage and the diversity of our beliefs and traditions.

In 2007, Archbishop Emeritus Desmond Tutu was appointed patron of South Africa's braai day.

Celebrated under the banner of Braai4Heritage, it encourages every South African to take part in a fun and tangible activity.

To many students, any public holiday means sleeping late and taking full advantage of having nothing to do, but this year, take a minute to consider the reason we celebrate Heritage day.

Whether you light the fire in your

backyard (or someone else's), at a public braai area or even at your hostel facilities – be sure to have some *dop* and *tjop* ready.

Synonymous with a braai is the *boerewors*, but do not hesitate to spice your braai up with some marinated chicken, ribs or even a steak or two, if your budget allows it. Add some *braaibroodjies*, potatoes, *mielies*, *pap* or salad and there you have it!

You can also try different proudly South African drinks on this year's heritage day. Include some local Spar-letta, Appletiser, Stoney and Shweppes.

Also, keep your eyes open for specials at the local grocery shops in town.

According to Sport24, South Africa succeeded in breaking the Guinness World Record by braaiing for the longest recorded time ever.

This historic braai took place in the V&A Waterfront amphitheatre in Cape Town on 16 and 17 September. This happened exactly one week before Heritage Day. An official Guinness World Record adjudicator from the United Kingdom flew to South Africa to monitor the event.

So, take some friends, add some wine and a hint of spice, mix it with a *tjop* or two and *Voilà!* Heritage at its best.



## TRAVEL AND SEE THE WORLD THROUGH A LENS

Get a job as a  
Photographer on an International  
Cruise Liner



If you're between the ages of 21 - 30, want to travel and see the world (seriously), then maybe you should consider the three week Comprehensive Cruise Ship Course. To get on board, you'll need to have an interview, pass the personality profile test and a medical assessment. Complete this and you're guaranteed a placement on an International Cruise Liner.

For more information about our Short Courses & Workshops:  
T +27 (0)21 880 2623 | F +27 (0)21 880 1233 | E [fransien@stellenboschacademy.co.za](mailto:fransien@stellenboschacademy.co.za)  
[www.stellenboschacademy.co.za](http://www.stellenboschacademy.co.za)



STELLENBOSCH ACADEMY  
OF DESIGN & PHOTOGRAPHY



CRUISE SHIP PHOTOGRAPHY  
Travel, Work & Earn

Stellenbosch Academy of Design & Photography  
in collaboration with The Image Group Cayman Islands



# to. matie. taste

Emma Tiffany Durr \* Tara Brache \* Photos: Michelle Gow

## Blown away? Heads up!

The fact that almost half the students who have defaulted on their National Student Financial Aid Scheme loans and dropouts, should probably be ringing some alarm bells somewhere.

Passing the buck and blaming others for academic failure isn't doing anything to improve educational standards in South Africa.

Repeated examination failures cannot simply be blamed on examiners and conspiracy theories, students should not be protesting seemingly legitimate training practices and students who do not meet credible entry requirements should not be forced into a position where they seem to have no choice but to drop out and remain in study debt.

As I said, generalisation is bad. Still, it's hard to see so much blame-shifting and avoidance of responsibility without getting rather worried. Where will it stop?

## BRIEWE LETTERS



### Geskok oor homofobie ná soen

Ek was baie geaffronteer deur die negatiewe reaksie oor die voorbladfoto van die twee mans wat mekaar in Die Laan gesoen het (*Die Matie*, 25/08/10). Ek kan nie glo dat mense so kleinlik kan wees deur te sê dat hulle ongemaklik voel daarmee om twee mans of selfs vroue te sien soen nie.

Almal weet dat ons wel op kampus is. Dit is ontstellend dat studente meen Soen in die Laan is deur dié soen bederf. Dit maak vir ons 'n deur oop om te sien hoe mense op kampus oor homoseksualiteit voel. En die antwoord is: homofobie.

Dit is tyd dat mense nie meer met oogklappe deur die lewe gaan nie. Ons lewe al in die 21ste eeu. Die Verligting is al lankal verby. Homoseksualiteit word in fliëks en televisiereekse aanvaar, maar indien mense eerstehands daarmee gekonfronteer word, is dit ewe-skielik 'n ander storie.

Dit is tyd dat mense mekaar moet aanvaar nes hulle is. Hulle moet begin om hul perspektief oor die lewe te verander, want as ons 'n toekoms vir Suid-Afrika wil bou, kan ons nie oor mekaar oordeel nie.

- ANABELLE OOSTHUIZEN

### Cheap journalism unnecessary

I find the photograph on the front page of *Die Matie* (11/08/10) portraying two openly homosexual men locked in a passionate kiss, offensive and degrading - no matter what the occasion.

In the new South Africa, we are encouraged to embrace diversity of culture, language and not to discriminate against anybody. We have to be tolerant of alternative lifestyles and we have to undergo a lot of very difficult attitude changes, most of which have been thrust and imposed on all of us rather suddenly.

Homosexuality is by definition an alternative lifestyle. It is the choice (wrongly or rightly) of individuals. What these individuals do in private is between them, their partners and their consciences.

However, I do not like to be hit over the head by images of this sort in a newspaper such as *Die Matie*, and to have this proudly gay image thrust in my face like a loaded gun.

This type of in-your-face journalism smacks of such cheap tabloids such as *Die Son* and currently *Die Matie* deserves its rightful place along with *Die Son* as a liner of my kitty litterbox. It is a bitter reminder of the level of moral degradation our society has lowered itself to.

- DAVID WILES

### Waaroor is julle verbaas?

Ek het die redaksioneel van *Die Matie* (25/08/10) met verwondering gelees. In *Waarom tog die bohaai?* sê die redakteur dat die redaksie nie kon verstaan waar al die bohaai oor die foto van die homoseksuele studente vandaan kom nie.

Julle het sekerlik nie dáárdie foto op die voorblad geplaas sonder om kontroversie te verwag nie? Sekerlik was julle bewus daarvan dat daar mense op kampus is wat nie verskriklik positief gesind is

teenoor homoseksuele verhoudings nie? Ek vind dit moeilik om te glo dat julle nie verwag het dat die foto só 'n opspraak sou oplewer nie. Ek kry die idee dat julle afgesonder is van studente se menings oor sulke onderwerpe.

Julle is joernaliste. Ek verstaan as julle soms aandag wil trek en opspraakwekkend wil wees. Moet dan net nie só verbaas wees as 'n bohaai oor kontroversiële onderwerpe opgeskop word nie.

- GYS BURGER

### Thank you for all the support

Ludolph and Suzette Botha would like to express their sincere gratitude and appreciation towards all the colleagues, friends and especially students who lovingly supported us at the time of the fire in our house on 9 August 2010.

We cannot thank you enough for all your prayers and support!

- LUDOLPH AND SUZETTE BOTHA

### Impressed with Ramadan article

I was really happy to see the article on Ramadan in the previous issue of *Die Matie* (25/08/10). Finally, *Die Matie* seems to be including more pieces on different races, sexualities and religions. I liked the angle the article took on the students' perspective. Many people don't take into account how hard it is to fast while studying or writing tests.

I have quite a few Muslim friends on campus and one afternoon, one of them took me to the Stellenbosch mosque for the first time. I never realized how beautiful the mosque was until I entered. Inside it is brightly lit by stained glass windows. I was welcomed and shown around, until prayer started. I encourage other students to do the same and explore parts of the university life they are quite apprehensive about.


I was just a bit disappointed to see that you did not mention anything about how the fast is determined by the phases of the moon and is broken through Eid ul-Fitr.

One friend noted how ironic it is that the Muslim festivals correlate with Jewish festivals. Ramadan roughly falls with Rosh Hashanah, the Jewish New Year, which concludes with Yom Kippur around the same time as Eid. Maybe you could do a piece on that next time. Are we all really that different?

- LIBERAL CHRISTIAN

Briewe mag nie langer as 400 woorde wees nie en moet teen die Vrydag voor elke uitgawe aan [briewe@diematie.sun.ac.za](mailto:briewe@diematie.sun.ac.za) gestuur word. Skrywers se regte name moet alle briewe vergesel, selfs dié wat onder skuilname geplaas word. Geen handgeskrewe briewe sal geplaas word nie.

Letters should not be longer than 400 words and must be sent to [briewe@diematie.sun.ac.za](mailto:briewe@diematie.sun.ac.za) by the Friday before the next edition. Writers' real names must accompany all letters, even those published under a pseudonym. No hand-written letters will be published.



**JUMPING SHIP** How many frogs will a girl have to kiss before she can get a guy who will bring her flowers that have not been stolen? Students have recently been encouraged not to pick arum lilies, as this activity interferes with the habitat of some frogs.

### HOOFREDAKSIE

**HOOFREDAKTEUR** Marietjie Vos ([redakteur@diematie.sun.ac.za](mailto:redakteur@diematie.sun.ac.za))  
**ADJUNKREDAKTEURS** Anika Marais ([inhoud@diematie.sun.ac.za](mailto:inhoud@diematie.sun.ac.za)), Roann Louw ([grafika@diematie.sun.ac.za](mailto:grafika@diematie.sun.ac.za)), Eumaine Petersen ([bedryf@diematie.sun.ac.za](mailto:bedryf@diematie.sun.ac.za))  
**NUUS** Vakant ([nuus@diematie.sun.ac.za](mailto:nuus@diematie.sun.ac.za))  
**AKTUEEL** Zanie Maree ([aktueel@diematie.sun.ac.za](mailto:aktueel@diematie.sun.ac.za))  
**DAG EN NAG** Marinette Potgieter ([dn@diematie.sun.ac.za](mailto:dn@diematie.sun.ac.za))  
**STUDENTELEWE** Martmarie Knoetze ([sl@diematie.sun.ac.za](mailto:sl@diematie.sun.ac.za))  
**SPORT** Elzmarl Tharon ([sport@diematie.sun.ac.za](mailto:sport@diematie.sun.ac.za))  
**TEKS** Vakant ([teks@diematie.sun.ac.za](mailto:teks@diematie.sun.ac.za))  
**FOTO** Vanessa Smeets ([foto@diematie.sun.ac.za](mailto:foto@diematie.sun.ac.za))  
**ADVERTENSIES** Anthea Hartzenberg ([ads@diematie.sun.ac.za](mailto:ads@diematie.sun.ac.za))  
**REKENAAR** Gerrit Maritz ([it@diematie.sun.ac.za](mailto:it@diematie.sun.ac.za))

### MEDEWERKERS

**KWYTRAAK** Jo Wessels ([kwytraak@diematie.sun.ac.za](mailto:kwytraak@diematie.sun.ac.za))  
**BILLY LIAR** Karl Ulrich Petzsch ([inhoud@diematie.sun.ac.za](mailto:inhoud@diematie.sun.ac.za))  
**IGUANABOS** Thalana Hunter ([inhoud@diematie.sun.ac.za](mailto:inhoud@diematie.sun.ac.za))  
**SPOTPRENT** Vakant ([spotprent@diematie.sun.ac.za](mailto:spotprent@diematie.sun.ac.za))  
**ADDITIONELE GRAFIKA** [www.sxc.hu](http://www.sxc.hu) **TEKS** Lizl Morden en Madelé du Plessis

### STEL JY BELANG?

As jy as joernalis, taalversorger, grafiese ontwerper, advertensiewerwer, fotograaf of rekenaarasistent betrokke wil raak woon gerus 'n redaksievergadering by op die Woensdag waarop *Die Matie* verskyn. Ons vergader om 18:30 in ons kantoor op die eerste verdieping van die Neelsie.

**TEL** 021 808 3539 **FAKS** 021 808 3538 **E-POS** [diematie@diematie.sun.ac.za](mailto:diematie@diematie.sun.ac.za)  
**POSADRES** Langenhoven Studentesentrum, Privaatsak X1, Universiteit Stellenbosch, Matieland, 7602  
**WEBADRES** [www.sun.ac.za/diematie](http://www.sun.ac.za/diematie) **OPLAAG** 8 000  
**VOLGENDE UITGAWE** 25 Augustus 2010 **SPERDATUM** 18 Augustus 2010  
**ADVERTENSIES** 082 492 0474

### KLAGTEPROSEDURE EN FOURRAPPORTERING

Indien enige leser 'n klagte het dat *Die Matie* nie op 'n ewewigtige, eerlike en objektiewe wyse rapporteer nie, of dink dat menings uitgespreek in *Die Matie* nie godsdienslike en kulturele sake met omsigtigheid hanteer nie, kan 'n klag by die SR-lid vir Media gelê word. *Die Matie* is onderhewig aan 'n gedragskode wat by die SR-lid vir Media beskikbaar is. Alle klagtes word deur 'n regsdesent ondersoek, waarna *Die Matie* voor die Mediaraad kan verskyn. Klagtes moet ingevolge die Mediareglement binne tien werksdae ná publikasie aanhangig gemaak word.

*Die Matie* subscribes to the South African Press Code that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balanced. If we don't live up to the code, please contact the Press Ombudsman at 011 788 4837. You may also lodge an internal complaint or report factual errors by contacting the SRC member for Media and following the procedure explained on the left.





# Perspektiewe & DINGE

## A dash of tolerance can go a long way

BILLY LIAR

Two weeks ago I heard a story that made me shake my head in disbelief. On the way home for a rest before the murderous fourth term, a story pops on the radio about some lunatic in America. By this time, being so used to wackos all over the news, what with the guy who held up the offices of Discovery TV a while ago because he didn't enjoy their programmes, I was only listening with one ear. Yet as the story progressed, I realised what this "Christian fanatic" was up to.

Terry Jones, a pastor in Gainesville, Florida, was threatening to burn copies of the Koran, the central text of Islam, on the ninth anniversary of the 9/11 attacks. "Why?" you ask. My reaction was one of pure disgust. This guy was planning an insult in line with burning another country's flag or knocking with your best friend's girl. Oh, the reason for it all? He felt insulted that they were planning to build a mosque, Park51 as it would be named, within two blocks of Ground Zero, the site where the World Trade Centre once stood. "Insensitive," he called it.

So, for the past week, the world held its breath as the doomed day approached. Prospects of stopping Jones were looking bleak, especially since requests from Hillary Clinton, Barack Obama and his own daughter couldn't deter him.

The excitement built and on the one side Jones was being urged on by redneck conservatives to put the "rag heads" in their place. On the other side, the rest of the world was pleading with this madman not to continue with his plan. The eleventh of September 2010 seemed set for another tragedy.

Then, just as quickly as it shot up, it came to an end. Jones postponed the burnings. And

### » The eleventh of September 2010 seemed set for another tragedy

finally called it off altogether. Just like that. His first excuse was to meet with the imam in charge of Park51 to discuss a change of location for the proposed building. An agreement wasn't reached and I guess we all feared this failure would fuel Jones' Koran-burning ambitions. But it didn't and the small following Jones had built up, disappeared back into their jobs, homes and trailer parks. It seems that it only takes one loon to bring out the rest to join the circus. In the words of Kerry Thornley, "If organised religion is the opiate of the masses, then disorganised religion is the marijuana of the lunatic fringe".

There was a similar incident here in South Africa. An Islamic was threatening to burn

Bibles in retaliation to Jones' prospective plan. But before he could put his plan into motion, he was stopped. By whom? The Christian community? The AWB? Nope. An interdict was brought by The Scholars of Truth, an Islamic organisation in South Africa, to stop the burnings. Not by any holy crusader, but by the so-called "terrorists". They were ultimately successful in stopping any burnings of sacred literature.

And I got a kick out of that, I must admit: people actually showing some common sense. As British poet Samuel Taylor Coleridge once said, "Common sense in an uncommon degree is what the world calls wisdom".

That week's events really opened my eyes as to what can be achieved by a little common sense and a dash of tolerance. Notice how thousands of people, from all kinds of different backgrounds, cultures and countries, rose up, spoke out and condemned the burning of a book many of them have probably never read a page from.

A final anecdote about spontaneous unity, if I may. At the tender age of 16, I somehow procured enough money to see Metallica at the first ever Coke Fest held at the then Green Point Stadium in Cape Town. Headlining South Africa's onslaught was the Afrikaans punk band Fokofpolisiekar. Three songs into their set, they started playing *As Jy met Vuur Speel Sal jy Brand*, the title track from their first EP. At one point in the song the lyrics are, "Ek vind ek raak so kwaad. En ek skree (GOD!)". And as that little bit of profanity flew into the air, 20 000 people just shut up completely, leaving the vocalist singing on his own into complete silence. The surprised look between him and their bassist, in contrast to the defiant faces in the crowd, said it all.

## Vandalistiese hiërogliewe regoor kampus

IGUANABOS

Daar is een ding wat ek van die Letteregebou interessant vind.

Nee, dis nie die rookseine en -figure wat deur verskeie rokende studente se rookstokkies opgetower word en my aanval wanneer ek daardeur beweeg nie.

Dis wat mense alles kwytraak op die badkamer, van filosofiese gedagtes tot snaakse opmerkings en (jammer genoeg) name van onbekende mense wat afgekraak word. Waar kry mense die tyd en idees om hierdie dinge te skryf?

In al die geboue waar ek al klas gehad het, kon ek nog sover geen ander badkamer vind wat só bekrap is nie.

Nie dat ek graffiti of vandalisme wil aanmoedig nie, maar soms wonder ek, indien mense op ander geboue se badkamer sou skryf, wat sou daar staan?

In die Kweekskool sal daar definitief Bybelversies op die badkamer wees. Dis 'n goeie manier om die Bybel uit jou kop uit te leer.

*Knowledge is power* sal groot op die Opvoedkundegebou se badkamer moet staan. Dan moet iemand die volgende byskryf:

### » Waar kry mense die tyd en idees om hierdie dinge te skryf?

"Onderwysers is mense wat voorheen gedink het hulle hou van kinders". Maar watookal die BEd-studente skryf, moet in hul mooiste bordskrif gedoen word. Hoe anders gaan die res van ons, en hul toekomstige leerders, op die swartbord kan lees wat hulle skryf?

In die Chemie-gebou is daar nie op die badkamer mense geskryf nie, maar wel op die banke.

My gunstelingsin (in vriendeliker woorde) bly: "Chemie is twak. Bereken die persentasiesamestelling dáárvan!"

'n Mens kan kreatief raak met ander akademiese geboue. "I love  $\pi$  (pie)" by die Wiskundegebou.

"Vriende is soos mikroörganismes: jy sien hulle nie altyd nie, maar jy weet hulle is daar" by die JC Smuts. "Het jy probleme? En hoe voel jy daaroor?" by die Wilcocks.

Ek kan al sien wat op die hoflike badkamer mense van die Ou Hoofgebou sal staan: "Leer die wette goed, dan sal jy weet hoe om hulle te oortree".

Wat van 'n grappie of twee? Soos: "Hoekom speel prokureurs nie wegkruipertjie nie? Want niemand sal hulle soek nie!" Maar miskien moet ek hier stop voor iemand my dagvaar.

"The hills are alive with the sound of music..." sal van die konservatorium se badkamer mense weerklank. Wag, val musiekblyspele nie eerder in die drama-departement nie?

Wat jy skryf sê baie van jouself. Wat mense op 'n badkamer mense skryf, sê baie van die gebou of fakulteit. Openbare geskrewe woorde is soos gesproke woorde: as dit gesê is, kan 'n mens dit nie terugtrek nie. Wees dus versigtig met jou woorde of skryfsels.

kampusquotes

**Tygerberg is amper soos Boland Kollege, of so iets**  
- In Victoriastraat gehoor

**Dude, wat dóén jy? Men don't drink pink drinks!**  
- Een student aan 'n ander wat in Bohemia rosé bestel

**Is Nigeria a country?**  
- Heard in Firga

**Occupational therapists aren't that bad. They can, like, build stuff and swim.**  
- One medical student to another

**- Do you realise how hard you've worked for that blazer?**  
**- Do you realise how hard she's worked for that blazer?**  
- Eendrag HK member explains to a friend why he lets his girlfriend wear his blazer

**- Is dit nou awkward met hom?**  
**- Nee. Dis wel awkward met sy meisie.**  
- Student verduidelik waarom 'n mens soms moet dink voor jy doen

**I wanna get married in Terrace. It's ideal. There's a nice stoep to get married on. Cash-bar. Music. And all of my friends will be there.**  
- Simonsberger plans his future

**Dit is nou onverwags. Ek het dit glad nie verwag nie!**  
- Digter maak 'n (onverwagse) toespraak by Versindaba

**Sintaksis is nie Sewende Laan nie. Jy kan nie 'n maand se klasse mis en steeds weet wat aangaan nie.**  
- Dosent waarsku derdejaarsklas

Stuur jou  
KampusQuotes na  
quotes@diematie.sun.  
ac.za

## GORRELKOP

Die skinder agter die nuus. Die waarheid agter kampuspolitiek. Die kommentaar waarvoor almal bang is. Gorrel is nie verantwoordelik vir enige ongerief veroorsaak nie.

### L TOT DIE MAG DRIE

GORREL soek verblyf. 'n Woonstel sal nie Gorrel se sak pas nie en koshuis suig. Dus het Gorrel aansoek gedoen vir een van die universiteit se (klein)huisies waar hy kan luister, leef en leer.

Ongelukkig vorm Gorrel nie deel van dié verkose kampuselite nie. Dit blyk dat Gorrel nie aktief genoeg op kampus was nie en in 'n Gorrel-borrel leef.

- Maar Gorrel ruik lont. Gorrel verneem by een van Gorrel se skerpsnuifende maatjies dat dit eerder gaan oor wie jy leer ken het as oor wát jy geleer het.

Waar sal Gorrel nou volgende jaar lêplek vind?

### DIE SR IS 'N KLOMP SUSSIES

GORREL was verbaas om twee van dieselfde gesiggies op die nuut-verkose SR te sien toe Gorrel 'n K-pos gelees het. Maar o wee, nee! Dit was toe geen drukkersduiwel dáárdie; dis 'n tweeling!

Dit lyk vir Gorrel asof kampus se nuwe hoofseun ook dubbel gesien het en die SR-sussies by 'n onlangse eksklusiewe funksie met mekaar verwar het.

- Gorrel gaan die nuwe hoofseun se werk vir hom makliker maak om verdere bloosomblikke te voorkom.

Soos menige poniekoerant dit sou doen, doop Gorrel die glanspaartjie nou Ronesther!

### 'N PADDASONDER 'N HUISIE

'n Padda wil gaan opsit by sy nooi in die vlei. Nah-ah! Want hulle kelkies is kortgeknip.

Gorrel het gedink dat net feëttjies in blommetkies bly, maar blykbaar is paddas deesdae hul kamermaats.

- Hoe nou gemaak? Waar sal die paddas nou hul heencome vind? Stuur jul voorstelle. (Gorrel wil graag in 'n sekere natuurbewuste paddaliefhebber se goeie boekies kom, en noudat lelies aandra nie meer 'n opsie is nie, sal Gorrel seker maar 'n massa-veldtog moet orkestreer om die paddas te red.)

Screw die walvisse; red die paddas!  
Vergeet van paddas; wat van paddas?

Quote van die week

**Selfs ék het in die 90's 'n Shania Twain-CD besit. I should have known then...**

- Student bespiegel oor moontlike vroeë indikasies van seksuele identiteit

www.nubar.co.za





# Prof Jansen – 'n leier wat luister

**“Ek word so geïnspireer deur hierdie jongmense. Ek is baie gelukkig.”**

Foto's: ROBÉRRE VAN ZYL



## KWYTRAAK

Jo Wessels

Ek was nog nooit in 'n rektor se kantoor nie. In my geestesoois is dit amper ontoeganklike, heilige grond – 'n plek wat 'n student slegs besoek as jy ingeroep word weens moeilikheid, soos met 'n skoolhoof.

Dus was ek effens uit my gemaksonne toe ek op 'n Maandagoggend by die Universiteit van die Vrystaat opdaag vir 'n onderhoud met hul rektor en vise-kanselier, prof Jonathan Jansen.

Vir buitelanders is Kowsies dalk sinoniem met probleme. Dié universiteit haal gereeld die koerante as gevolg van onluste, rassesspanning en omstrede studentevideo's. Soos ek by die voorhekke inry, wonder ek of probleme sigbaar sal wees op kampus. Ná 20 minute se rondry is daar inderdaad 'n probleem sigbaar, en nogal een wat Maties ook ervaar: te min parkeerplek!

Maar van die ander gebeure wat die nuus haal is daar niks te bespiegel nie. “Dit lyk elke dag só,” sê prof Jansen waar ons in sy kantoor sit, en hy wys na buite waar studente rustig en sorgeloos tussen klasse op hul Rooiplein loop. (Kowsies het ook 'n “Rooiplein”, kompleet met 'n standbeeld soos ons weldoener s'n.) Dit lyk soos 'n gelukkige toneel uit enige ander universiteit.

Hy sê skertsend: “Die studente is altyd meer geskok as hulle in die koerant lees iets het gebeur.” Hy glo die gebeure by Kowsies kry veral aandag as gevolg van die dinamika van die pers. Streekskoerante soos *Volkswaag* het maar min om oor te skryf, buiten slaggate op paaie, en die fokus val dan gereeld op gebeure by die universiteit. Dieselfde storie geld met Stellenbosch en *Die Burger*, meen hy. Die enigste kampus

waarmee dit nie gebeur nie is Potch, omdat daar nie 'n streekskoerant is nie.

Nietemin vervul die media ook vir Jansen 'n goeie rol. Hy skryf gereeld meningstukke wat in die Afrikaanse koerante en *The Times* verskyn aangaande die onderwys, of ander aktuele sosio-politieke kwessies. Hy is 'n gesiene akademikus en ontleder van die pedagogie. Sy boek *Knowledge in the Blood* is 'n soort outobiografie met inligting oor sy ervaring in die onderwys, en veral sy aanstelling as dekaan by Tukkies se Onderwysafdeling, en die uitdagings van 'n oorwegend wit Afrikaanse universiteit binne 'n veranderende Suid-Afrika.

Prof Jansen het ná sy Tukkies-loopbaan in Julie verlede jaar Kowsies se leisels oorgeneem. 'n Skadu wat nog oor kampus gehang het was die omstrede Reitz-saga. Maar reeds in sy openingstoespraak het hy 'n boodskap van versoening en wedersydse verstaan gepreek. Daarin sê hy: “The four Reitz students are children of this country, they are youth of the province, and they are students of our university. They are my students.” Daarmee wou Jansen ook die universiteit se klagtes teen die Reitz vier onttrek en verdere fokus op die integrasie van koshuise plaas. Daar is eggo's van ons eerbare eertydse president Nelson Mandela in hom. 'n Mens het hier te doen met 'n ongelooflike gees, en daar heers met goeie rede 'n effense gevoel van heiligheid in sy kantoor.

Maar prof Jansen verhef homself nie bo ander nie. Hy is ongelooflik toeganklik en ons gesels asof ons ou vriende is. Reeds met die eerste vraag spring hy weg en vertel hoe ongelooflik baie hy studente se geselskap geniet. Hy gesels met studente op voetsoolvlak oor sake wat hulle na aan die hart lê. Dié einste oggend het hy met nege studente ontbyt geëet – blykbaar 'n gereelde instelling. “Om te luister na die drome

en ideale van veral voorgraadse studente, is vir my besonder.”

Ek vra hom hoe hy in die onderwys beland het. Hy vertel dat hy geensins skool geniet het nie en steeds dink dat skole soos tronke is. Hy onthou grotendeels maar net die houe wat hy gekry het. Maar dan versag sy stem as hy praat van sy Latyn-onderwyser wat in hom geglo het en hom aangemoedig het om sy potensiaal te bereik. Dit was klaarblyklik 'n gebeurtenis wat hom grotendeels in sy studies geïnspireer het.

Hy besluit toe om universiteit toe te gaan. Hoewel hy eerder Chemie wou studeer, was sy keuses en die befondsing daarvoor beperk. Hy studeer toe opvoedkundewetenskap aan UWK. Maar dit was eers toe hy begin skoolgee het op Vredenburg en die verskillende gesien het wat hy kon bewerkstellig, dat hy besef dit was inderdaad die “beste besluit” om onderwyser te word.

Later het hy verdere studies in die VSA nagestreef en behaal hy sy PhD aan Stanford-Universiteit waar hy dikwels ook die beste student in sy groep was. Maar hy is steeds nederig. “Ek ag myself nie as slim nie,” sê hy en hy lê klem daarop dat hy hard moes werk vir sy punte.

Hy bieg selfs iewers tydens ons gesprek dat hy sy eerstejaar gedruip het. Maar harde werk was die antwoord tot suksesvolle studies en hy noem dat hy op Stanford met slegs vier ure se slaap kon klaarkom.

Aangesien hy 'n hooggeplaaste in akademiese kringe en rektor van 'n mede-universiteit is, vra ek hom oor sy siening van Stellenbosch. “Een van die beste universiteite in ons land!” kom die antwoord onmiddellik. “Maar,” voeg hy by, “as Stellenbosch nie vinnig sy vrede met Engels maak nie, gaan dit oor 10 of 20 jaar maar 'n baie middelmatige universiteit wees.” Hy meen die taaldebate suig die energie uit die universiteit en draai die fokus weg van akademie. Verder is die beheptheid met Afrikaans volgens hom “niks

anders as om sekere mense uit te hou nie.” Dit vir hom teenstrydig, want 'n “universiteit is 'n definisie universeel [...] Dit laat mense toe wat anders dink en anders praat. Jy kan nie nou met die Boere-Oorlog veg deur middel van die taal kwessie nie.”

Maar moenie dink dit beteken hy min Afrikaans nie. Hy is baie lief vir die taal en praat deurgaans die mooiste Afrikaans. “Ek dol oor Afrikaans!” verseker hy my. “Maar Afrikaans is ruim, akkommoderend, nederig en lief vir mense en ander tale. Dit word daarom bedreig nie.”

Dit is weer getuie van sy kenmerke: toeganklikheid. Benewens die moeite van 'n kant om daaglik op kampus rond te stap met studente te gesels, het hy 'n oop-deurbelende waar enige student welkom is om hom sonder afspraak te sien – al beteken dit hulle sal 'n tyd moet wag. Hy nooi gereeld studente vir ontbyt of middagete, en kom selfs nayeke afsprake met studente by sy huis na. Doen ander rektors so ook? Ek twyfel sterk. Sy filosofie is: “Jy lewe 'n jou studente”.

Donderdae voorsien hy ook aan minder-voorregte studente 'n middagete voor Kowsies hoofgebou. Sy hart is ontsettend groot.

Ek vra hom hoe hy ontspan en of die kyk van studentevideo's deel daarvan uitmaak. Hy is uitbundig. “Ons oorweeg dit om 'n departement vir filmstudies te stig.” Benewens sy werk, geniet hy dit om te lees. “Maar ek lees nie nonsens nie (Daarmee bedoel hy swak fiksie.) Verder is ek 'n sportliefhebber en 'n getroue Blou Bul-ondersteuner. Hy ontspan ook deur jazz op die klavier te speel.

Maar hy verwys deurgaans weer na sy werk – hoe dit vir hom so lekker is en eintlik nie bron van spanning is nie. Inteendeel: “Ek word so geïnspireer deur hierdie jongmense. Ek is baie gelukkig,” sug hy tevrede.

## Goeie onderwys kan baie probleme in SA oplos



## STUDENTEFORUM

Mia Smit

Laasweek was ek soos menige ander student in 'n kroeg in gesprek met vriende. Dit was nie gewone vriende nie. Dit is die tipe vriende wat jou persepsies só omvergooi, dat jy byna oorweldig voel. Die tipe gesprek wat ons gehad het was ook geen gewone gesprek nie.

My vriend het gesê dat hy sy kinders eerder tuis sal laat skoolgaan. Hy voel skole leer nie vir kinders wat hulle nodig het nie. Hy was self in een van die beste privaatskole in die land. Hoe kan iemand wat self die beste opvoeding moontlik ontvang het, nie dieselfde hoop vir sy kinders hê nie?

Ons het 'n lang gesprek gehad oor die toestand

waarin die wêreld tans is. Ons dink aan armoede, MIV/Vigs en geneties-gemanipuleerde voedsel om maar net 'n paar te noem. Daar is geargumenteer dat demokrasie en kapitalisme die redes is vir die meeste van die wêreld se probleme. My vele politieke wetenskap-opstelle het dit ook bewys. Die gaping tussen ryk en arm raak nét groter.

My vriend meen ook dat daar genoeg kos in die wêreld is. Daar is dus geen rede vir mense om honger te ly nie, solank die kos reg verdeel word. Hy glo as jy vir elke persoon 'n miljoen rand gee sal dit die meeste probleme oplos. Ek weet dit sal nie, want as iemand nooit geleer het om met geld te werk nie, sal hy of sy die geld binne 'n kwessie van 'n dag op onbenullighede uitgee.

Ons het telkemale tot die gevolgtrekking gekom dat die opvoeding van mense essensieel is. Ek het hierdie jaar in die Leef-en-Leer-huis vir Opvoedkunde gewoon. Ek het besef hoe 'n groot invloed opvoeding op mense se lewens kan hê. Maar hoekom sien die mense wat die besluite

maak dit nie? Hoekom kan ek dit sien, maar die ministers en die president van ons land sien dit nie? Moontlik omdat hulle self nie 'n goeie tersiêre opvoeding gehad het nie en hulle dus nie die waarde daarvan besef nie.

Hoekom het ons pas stakings in ons land beleef? Besef onderwysers nie watter kardinale rol hulle in leerders se lewe speel nie? Volgens die *Mail&Guardian* van 9 September is sommige leerders baie bekommerd omdat hulle nog nie die syllabus voltooi het nie en hul eksamens oor minder as 'n maand begin. Die tekort aan voorbereiding vir die eksamen kan 'n groot impak op hul resultate hê, wat daarom ook in die toekoms 'n invloed op hul werksmoontlikhede gaan hê. In 'n land waar die meerderheid mense baie arm is, kan ons dit nie bekostig nie.

Tog is daar wêreldwyd en ook veral aan die Universiteit Stellenbosch 'n beweging na mentor-mentee-gebaseerde onderrig. Dit gee leerders wat reeds 'n sekondêre opvoeding het,

die geleentheid om hul kennis in die gemeenskap terug te ploeg. Dit is ook baie effektief, omdat die leerder individuele aandag kry. Só word die gemeenskap betrokke en word daar veral woordelikhede geneem vir die gemeenskap se toekoms.

Mag almal begin verantwoordelikheid neem vir die gemeenskap se toekoms en mag my vriend so beïndruk wees met die gehalte van die onderwys in ons land, dat hy sy kinders na staatskool toe wil stuur.

– Smit is tans 'n finalejaar BA Geesteswetenskappe-student. Sy is ook vanjaar die hoof van die Leef-en-Leer-huis vir Opvoedkunde.

Die menings in hierdie rubriek is nie noodwendig dié van die koerant, die redakteur of enige lid van die redaksie. | The opinions expressed in this column are not necessarily those of this newspaper, its editor, or any member of staff.



## SPORTINBRIEF | SPORTINKORT

### Swim club takes event

ERIKA LOOTS

THE MATIES Winter Series Gala was hosted by Maties swim club on 28 August. Maties won the junior and senior categories.

Only the top five clubs in the Cape Town area were invited to this prestigious event.

The Cape Town Dolphins, University of Western Cape swim team, Tygerberg Aquatics, the Barracudas and the University of Cape Town competed in the senior section.

Each swimmer was only allowed to swim two events and the relays. Therefore, the clubs had to ensure that they sent only their very best swimmers to compete and to obtain the most points.

Some swimmers swam up to seven events on the day and with very short rest periods in between the events, the swimmers were

exhausted.

Young and upcoming talent Liam Fourie broke two competition records in the 200m and 100m backstroke events.

Heerden Herman was looking better than ever by breaking the 400m and 1 500m competition records in a time of 14.53.77.

He also improved the time that he swam at the South African Short Course Championships. He is now second on the world rankings for this season.



**FLY LIKE A BUTTERFLY** Tia Dixon swims for Maties. Photo: SUPPLIED

### Libertas wins soccer

ELIZMARI THERON

LIBERTAS defeated Medics 1-0 in the Super League soccer finals and were crowned as the champions, despite the fact that some of their key players could not play due to injuries.

This team stands undefeated for the entire season and unbeaten for fourteen games. They are one of the first teams ever to remain unbeaten for this long.

On Friday 17 August, Libertas secured a place in the semi-finals of the Knockout tournament by beating Elsberg 6-5 on penalties.

One of the Libertas players said that this was most definitely

the hardest game of the season. Spectators mentioned that this team is one of the most dedicated they have seen.

Libertas are the reigning Knockout Cup Champions, winning the knockout tournament in 2008 and 2009.



**SOCCER** The Libertas team celebrates. Photo: SEAN BLAYBLOCK

### Muurbal-finaal beslis

THEA VISSER

DIE MATIES-koshuismuurbal-liga-finaal is op 16 September gespeel. Elke manskoshuis het 'n A- en B-span vir die liga ingeskryf, terwyl elke vrouekoshuis net deur een span verteenwoordig is.

Tydens die mansliga-finaal het elke span, wat uit vier spelers bestaan, vier wedstryde teen hul opponente gespeel. Alle wedstryde het by die Ou Mutual-Sportsentrum plaasgevind.

Nadat Simonsberg A vir Medies

B en Dagbreek B vir Eendrag B in die semi-finale geklop het, is daar 'om die mans-B-ligatitel meegeding. Simonsberg A het met die louere waggestap. Dagbreek het 3 punte aangeteken en Simonsberg 11. Eendrag A het Huis Marais A maklik geklop tydens die mans-A-ligafinaal.

Nog geen datum is vasgestel vir die vroueliga-finaal nie. Lydia en Medies gaan teen mekaar meeding. Medies het stof in Nerina se oë geskop en Lydia het die stryd teen Serruria tydens die semi-finale loshande gewen.



**HARDLOOP, BOETIE!** André Janse van Vuuren van Dagbreek hardloop hier met die bal terwyl Clement Martins van Dagbreek en Hanno Burger van Eendrag probeer byhou.

Foto: JANDRÉ ROBBERTZE

Maroentruie mik vir goue driekuns

## Maties wen 2010-WP-liga

PIET LATEGAN

Die FNB-Maties beplan groot dinge vir 2010 en as alles volgens plan verloop sal die pas-afgelepe seisoen as een van die groot suksesstories onthou word.

Maties het die WP-liga gewen en het daarom gekwalifiseer om aan die klubkampioenskappe deel te neem wat op die oomblik plaasvind. Maties het in 2007 die klubtitel verower.

Die Maroentruie het die Varsity Cup hierdie jaar vir die derde keer in 'n ry gewen. Indien Maties die klubkampioenskappe ook wen, sal hulle al drie prestige-toernooie gewen het.

Maties het in die laaste maand behoorlik onder hul teenstanders ingeklim en die liga gewen met 'n oorwinning van 54-12 teen Hamiltons. Hamiltons het verlede jaar die ligatitel voor Maties se neus weggeraap. Ten spyte daarvan dat Maties nog twee wedstryde moes speel, was die liga reeds in die sakke. Maties het hierna vir Helderberg met 75-7 oorrumpel en ook die Victoriane met 52-14 laat les opsê.

Maties het Kimberley-Polisie

Saterdag met 'n groot oorwinning van 99-12 geklop. 15 drieë is in dié wedstryd gedruk.

Maties het beïndruk met hul spanwerk en hul goeie balhantering. Die vaskopstut, Lourens Adriaanse, slot, Hugo Kloppers, toekantflank, Conraad Britz en die agsteman, Cameron Peverett, het die veld vol gespeel. Agterlangs het die

In die laaste 20 minute het Maties vir van hul plaasvervangers kans gegee om te speel. Tydens die laaste deel van die wedstryd was daar groot gapings in die verdedigingslinie van Kimberley-Polisie en Maties het 'n oorvloed balbesit geniet.

Herbst en Jordaan het elk 'n driekuns behaal terwyl Van Wyk en die plaasvervanger-vleuel, Ruan Combrinck, elkeen twee drieë gedruk het.

Die heelagter, Jonathan Francke, buitensenter, Pieter Stoffberg, linkervleuel, Louw Schabert en die plaasvervangers, Jonathan Adendorf en Andre Kemp, het elkeen een drie bygedra. Van Wyk het met vyf doelskoppe geslaag en Kemp was met sewe suksesvol.

Daar was egter 'n groot verrassing op die eerste dag van die toernooi toe Roses United, wat Boland verteenwoordig, vir Shimlas van die Universiteit van die Vrystaat geklop het.

Indien Maties dit egter regkry om die klubkampioenskappe by hul indrukwekkende lys titels te voeg sal dit die seisoen vir die span uiters merkwaardig maak.

### Indien Maties die klubkampioenskappe ook wen, sal hulle al drie prestige-toernooie gewen het

skrumskakel, Johan Herbst, losskakel, Coenie van Wyk, binnesenter, Louis Jordaan en regtervleuel, Wilhelm Looek, goeie ondersteuning te bied.

Die Maroentruie het teen rustyd reeds 6 drieë gedruk.

In die tweede helfte het Maties verdere sout in die wonde van Kimberley-Polisie gevryf met nóg 9 drieë.

## Kriek secures Gravel Travel win

SPORT DESK

AFTER the success of Gravel Travel 2009, the 2010 version of this race was one of the most anticipated days of racing on the mountain biking calendar.

Vast kilometres of single track, views that made the previous 30 minutes of climbing seem worthwhile, furiously fast open gravel roads and the all-round impeccable organization of the event, explained the turnout of 940 avid mountain bikers at the Diemersfontein estate.

At the start line, all the race favourites zipped up their warm rain jackets just before the start in a futile attempt to stay warm and dry.

The race started at a frantic pace with everyone trying to find a back wheel to shelter them from the block headwind. The bikers soon took a turn away from the festive atmosphere at the start to endure the challenge on their own.

The first real climb of the day came at about 5km into the race where Louis Bresler Knipe from Fairbairn Bank and Christiaan Kriek from Maties put in an effort to break away from the group. It

was soon realised that the race would be decided between the two of them. After about 25km Louis Bresler Knipe retreated to the group.

Kriek rode the next 40km on his own with only the lead motorbike to keep him company.

Christiaan later commented that he could at no stage in the race see more than a minute behind him on the road, so he kept pushing in an attempt to stay away from the chasing group of riders.

Christiaan secured the win for Maties in 2 hours, 42 minutes and 46 seconds.



UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY  
jou kennisvennoot • your knowledge partner

## NAGRAADSE US ONDERSTEUNINGSBEURS 2011 POSTGRADUATE SU SUPPORT BURSARY 2011

- Aansoekvorms word vanaf 1 September 2010 op [www.mymaties.com](http://www.mymaties.com) voltooi.
- Alle studierigtings
- Voltydse en deeltydse nagraadse studente.
- Hulpbron vir finansieel-uiters-behoefte studente.
- Let wel hierdie beurs is slegs vir Suid-Afrikaners, studente met vlugteling status en studente met permanente verblyfpermit.
- Geen aansoek sal oorweeg word sonder 'n aanbeveling deur die studieleier of voorsitter van die departement nie.
- Die sluitingsdatum is 30 November 2010
- Geen laat aansoeke sal aanvaar word nie.

- Application available from 1 September 2010 and to be completed on [www.mymaties.com](http://www.mymaties.com)
- All fields of study.
- Full-time and part-time postgraduate students.
- Resource for extremely financially needy students.
- Please note this bursary is only for South Africa citizens, students with refugee status and students with permanent residency.
- No application will be considered without a recommendation from the supervisor or departmental chairperson.
- The closing date is 30 November 2010.
- No late applications will be considered.

Enquiries / Navrae : Office for Postgraduate Bursaries, Admin A2069 / Kantoor vir Nagraadse Beurse, Admin A2069  
Tel: 021 808 4208 E-mail: [postgradfunding@sun.ac.za](mailto:postgradfunding@sun.ac.za)





**EINDESEREMONIE** Die Nasionale Somerspele vir gestremde atlete is tussen 8 en 11 September op Stellenbosch aangebied. Hierdie geleentheid het plaasgevind ter voorbereiding van volgende jaar se Spesiale Olimpiese Wêreld-Somerspele in Athene. Hier sluit die atlete die spele ná drie dae af. Die nasionale paralimpiese span is by hierdie geleentheid aangewys. **Foto: CM MULDER**

SUSPI bied spele aan, 350 gestremde atlete van agt provinsies neem deel

# Nasionale Paralimpiese span ná spele gekies

THEA VISSER

Die Universiteit Stellenbosch Sportprestasie-Instituut (SUSPI) het gasheer gespeel vir die 2010 Nasionale Somerspele vir paralimpiese atlete. Dié spele is tussen 8 en 11 September op die Coetzenburg-sportgronde aangebied.

Meer as 350 atlete van agt verskillende provinsies het aan verskeie sportkodes deelgeneem ter voorbereiding vir die 2011 Spesiale Olimpiese Wêreld-Somerspele in Athene, Griekeland. Na afloop van die spele is die nasionale paralimpiese span aangewys. Volgens me Gugu Ntuli, hoof-uitvoerende

beampte: SUSPI, beskou SUSPI dit as 'n groot voorreg om by hierdie spele betrokke te wees. Die spele se opening-seremonie het met 'n indrukwekkende fakkelwedloop afgeskop.

Die atlete is deur die Metropoliese, die Suid-Afrikaanse Weermag, die Suid-Afrikaanse Polisie en lede van die brandweer vergesel soos die brandende fakkel die atletiekgronde binnegebring is. Die sportkodes waaraan deelgeneem is, het atletiek, sewes-rugby, basketbal, swem en tafeltennis ingesluit.

Verenigde spanne het ook in basketbal en rugby teen mekaar meegeding. Hierdie verenigde spanne het elk uit 'n gelyke hoeveelheid individue met en sonder gestremdhede

bestaan wat saam deelgeneem het. Dít het die belangrikheid van die aanvaarding van gestremde atlete beklemtoon.

## ... die nasionale span [gaan] Suid-Afrika in 2011 in Griekeland verteenwoordig

Ná drie dae van harde kompetisie is die spele afgesluit met die aankondiging van die nasionale span wat Suid-Afrika in 2011 in Griekeland gaan verteenwoordig. Die nasionale span van 2007 het ná die Spesiale

Olimpiese Wêreld-Somerspele in Shanghai 90 medaljes huis toe gebring.

Candy Pretorius is een van die atlete wat die nasionale span gehaal het. Sy word afgerig deur mnr Fanie van der Merwe, voormalige US-student en wêreldrekordhouer in die 200m- en 400m-naellope vir gestremde atlete.

Pretorius het op die eerste dag eerste en tweede plek behaal in onderskeidelik die 200m en 400m. Op die tweede dag het sy derde in die 200m gekom. Pretorius meen sy is baie trots om aan hierdie spesiale geleentheid te kon deelneem.

Volgens Van der Merwe is die spele uitmuntend georganiseer. Hy meen die geleentheid maak mense bewus van

gestremde sport en inspireer atlete. Dit is ook vol lof vir die deelnemers van die spele en toeskouers wat die spele rigtinge bygewoon het. US-studente asook studente van Boland Kollege het as vrywilligers by die spele gehelp.

Hierdie geleentheid het nie net gepoog om paralimpiese sport te bevorder nie, maar ook om 'n platform te skep vir gesamentlike deelname aan sport van beide gestremde atlete en deelnemers sonder gestremdhede. Spesiale Olimpiese Spele: Afrika bied regdeur die geleentheid aan waar beide kinders met gestremdhede en volwassenes sonder gestremdhede sportafrigting ontvang en aan wedstryde kan deelneem.

**Steinhoff**  
 International



**Steinhoff Koshuiswedstrydbepalings 2010 (Semi-finale)**



27 Aug	1ste liga	Steinhoff Dagbreek	vs.	Steinhoff Simonsberg
27 Aug	1ste liga	Steinhoff Medies	vs.	Steinhoff Wilgenhof

**FIRST NATIONAL BANK  
 MATIES FIRST TEAM**

**FNB MATIES**  
**28 Augustus 2010**  
**FNB Maties**  
**VS**  
**Hamiltons 1**  
**54-12**

**First National Bank**  
 How can we help you  
 www.fnb.co.za